# Lesing 24.03.2018 - DEEL 7 - Israel en Jerusalem se einde

***Groot Johannes Evangelie - Boek 7 - Hoofstuk 51 vervolg***

[3] O ja, die mense hoef hulle gladnie aan My liggaam te vergryp om tog die ewige lewe van hulle siel te kan verwerf nie, netsoos wat julle dit ook sal verkry wanneer julle tot aan die einde van julle aardse lewe in My leer sal bly sonder dat iemand hom aan My hoef te vergryp; en die een wat hom aan My sou vergryp, sou die lewe nie hê en ook nie verwerf nie.

[4] Maar daar benede by die wêreldse mense is die sake anders. Hulle het almal duidelik dienare van die hel en haar leuenvors geword en staan nou in sy wêreldse diens. Hulle stapel sonde op sonde en gruwel op gruwel, begaan allerlei hoerery, egbreek en bloedskande, en probeer voortdurend iemand ook tot Judeër te maak, deur hom die hemel en die ewige lewe te beloof. Wanneer iemand egter na hulle geloof oorgegaan het, trek hulle hom byna heeltemal uit, sodat hy vir hom so die hemel en die ewige lewe koop.

[12] En hoewel Ek nou as die Meester, omhul met `n liggaam, Self in die tempel onderrig, terwyl Ek die duidelikste tekens doen en die hele volk en die tempeljode die waarheid leer, help dit tog heeltemal niks nie, en die fariseërs gaan nog erger as ooit hulle gang met leuens en bedrog, en beraadslaag voortdurend hoe hulle My uit hierdie wêreld kan help. En selfs dit sal hulle nog toegestaan word, sodat die maat van hulle gruwels sal vol word. Maar dan kom ook die groot oordeel oor die volk wat vir julle almal in die tweede verskynsel getoon is, en daarmee ook die einde van hulle, as Judeërs, waarna hulle dan soos kaf na alle uiteindes van die aarde verstrooi sal word. En hulle naam, wat tot nou toe oral geroem word, sal verag word.

[13] As hulle hierdie tyd van groot barmhartige beproewing sou herken het, dan sou hulle sekerlik vir ewig die eerste volk van die hele oneindigheid geword het en ook gebly het; maar juis omdat hulle hierdie groot tyd van die tye nie wil herken nie, sal hulle dan ook deur die groot oordeel wat oor almal begin het, die laaste volk van die aarde word. Verstrooi onder alle volkere van die aarde sal hulle onder allerlei vervolgings soos die voëls in die lug hulle voedsel moet soek, en hulle sal oral onderdanig wees.

[14] En ook al sal daar in latere tye enkeles wees wat berge geld sal versamel, dan sal hulle daarvoor tog nêrens op aarde `n land, `n ryk of `n vorstedom kan koop nie; en tot getuienis van My voorspelling sal hulle so bly tot aan die einde van die tye van hierdie aarde."

Terugverwysing na DERDE LIGVERSKYNSEL (Hfs 42)

"[3] Na hierdie aanwysing van My kyk almal weer na die uitspansel, en die ligpilaar daal nogmaals uit die hoogte neer op aarde, maar nie meer op die plek waar hy vroeër uit twaalf aparte pilare ontstaan het nie, maar heeltemal aan die ander kant in die weste, en versprei nog veel meer lig as voorheen. Spoedig daarna verdeel hy homself, nou nie meer in twaalf pilare nie, maar in talloos baie dele, waaruit daar `n baie groot stad vorm, met mure wat uit die twaalf vernaamste edelgesteentes bestaan, wat na alle kante toe `n baie veelsoortige lig uitstraal. En daar word twaalf poorte sigbaar, waardeur talloos baie mense uit alle dele van die aarde geluksalig in en uit loop.

[4] Bo die stad, hoog in die lug staan, soos in robyn en smarag letters, `n oud Hebreeuse teks, waarvan die woorde as volg lui: "Dit is die nuwe stad van Elohim, die nuwe Jerusalem, wat eens uit die hemel sal neerdaal na die mense wat rein van hart en van goeie wil sal wees; daarin sal hulle vir ewig met Elohim woon en Sy Naam loof en prys." Hierdie teks, netsoos die hele verskynsel was egter maar net sigbaar vir diegene wat met My op die berg was, en verder vir niemand in die hele land nie."

Die uitleg van die derde ligverskynsel

54 Nikodemus sê: "Majesteit en Meester, dit begryp ek nou en ek dank U uit die diepte van my hart vir hierdie baie belangrike lering! Maar omdat U ons nou die twee ligverskynsels uitgelê het, wil ek U vra om vir ons ook nog die derde verskynsel uit te lê; want daar moet iets baie besonders daarin verborge wees."

[2] Ek sê: "Ja, ja, Ek sal wel die derde verskynsel vir julle uitlê, maar julle sal dit nie goed begryp nie; want wat die verre toekoms nog sal bring, sal julle eers duideliker insien wanneer julle in die gees wedergebore is. Maar Ek sal tog iets daaroor vertel, luister dus!

[3] Die ligpilaar wat uit die hemel na aarde teruggekeer het, is Ek in die gees van My lewende woord, wat Ek in die toekoms in die harte van die mense sal plaas wat My liefhet en aan hulle wat My gebooie sal hou; na hulle sal Ek Self kom en aan hulle sal Ek My openbaar. En so sal hulle almal opnuut deur Elohim onderrig word.

[4] Dat die pilaar in talloos baie dele uiteengaan, beteken dat die innerlike, geestelike betekenis van al My woorde en leringe onthul sal word, wat Ek sedert die begin van die menslike geslag aan die mense by monde van die aartsvaders, die profete en sieners en nou Self gegee het.

[5] Uit al die vele gedeeltelike onthullings van die innerlike, geestelike betekenis van Elohim se woord sal daar uiteindelik `n ware en groot lig- en lewensleer ontstaan, en hierdie leer sal dan die groot en nuwe Jerusalem wees, wat uit die hemel na die mense sal neerdaal. En wie in die nuwe leer sal wees en lewe, sal in die nuwe Jerusalem wandel en ewig daar woon, en aan hulle grenslose salighede sal nooit `n einde kom nie. Want Ekself sal by hulle wees en hulle sal die tallose heerlikhede van My Liefde, Wysheid en Almag aanskou.
[6] Daar sal egter vanaf die ondergang van hierdie ou stad Jerusalem tot by die tyd waarop die nuwe stad van Elohim na die aarde toe kom, weinig lig by die mense op aarde wees; want daar sal maar al te gou `n groot aantal valse profete en priesters in My Naam opstaan en valse wonders verrig en die mense mislei en blind maak. Ja, die Antichris sal sulke dinge met die hulp van die aardse konings doen, dat selfs My uitverkorenes, as Ek dit sou toelaat, verlei sou word om hulle knieë te buig vir die nuwe Baäl. Dan sal Ek weer `n tyd van groot nood onder die mense laat aanbreek, soos wat daar nog nooit vroeër onder die son voorgekom het nie. Dan sal Baäl netsoos die groot hoer van Babel terneergewerp word, en die lig van die lewende woord in die harte van vele mense sal dan skyn en sal die mense wat gebuk gaan onder hierdie nood, oprig en verlos, en hulle sal hulle almal verheug in die nuwe lig en My Naam loof en prys.
[7] In die tyd sal die mense dikwels omgang hê met die rein geeste uit My hemel, wat hulle leraars sal wees en hulle sal onderrig in alle geheime van die ewige lewe in Elohim, netsoos dit in die derde verskynsel aan julle getoon was deurdat daar mense deur die twaalf poorte in- en uitgegaan het.
[8] Die twaalf poorte beteken nou egter nie meer dat die nuwe stad gebou is uit die twaalf stamme van Israel nie, maar uit die twaalf vernaamste grondbeginsels van My leer, wat vervat is in die tien gebooie van Moses en in My twee nuwe gebooie van die liefde; want dit is die poorte waardeur die mense voortaan sal binnegaan in die nuwe stad van Elohim, wat vol lig en lewe is.
[9] Slegs diegene wat My gebooie sal hou, sal ook hierdie stad binnegaan en hulle sal lig en lewe gegee word; wie egter nie die gebooie sal hou nie, sal ook nie in hierdie nuwe stad kom nie. Die twaalf soorte edelstene waaruit die muur om die groot stad gebou was, was eweneens weer `n aanduiding van dieselfde twaalf gebooie.
[10] Hierdie twaalf gebooie is vir die mens dus nie alleen die ingangspoorte tot die lig en die lewe nie, maar ook hulle onverwoesbare beskerming en afskerming, en die poorte en magte van die hel of die materiële wêreld kan dit nooit verwoes of oorwin nie.
[11] Ook het julle by die verskynsel opgemerk dat die klip van die mure in al hulle kleure ook `n sterk lig uitstraal. Dit toon julle dat in die gegewe twaalf gebooie ook alle grade van die Wysheid van Elohim vervat is, en so kan die mens maar slegs deur die hou van die twaalf gebooie tot volmaakte Wysheid kom. Want in die gebooie lê alle Wysheid uit Elohim, en omdat al Elohim se Wysheid daarin lê, lê ook alle Mag en Krag van Elohim daarin opgesluit, omdat die alwyse en almagtige wil en daardeur die hoogste vryheid in hierdie gebooie opgesluit lê.
[12] Wie dus deur die hou van die gebooie die wil van Elohim tot syne gemaak het, die het ook die goddelike mag en die goddelike vryheid tot syne gemaak; hy het die toestand van die ware geestelike wedergeboorte bereik en is as `n ware kind van Elohim so volmaak as die Vader in die hemel Self.
[13] En Ek sê nou aan julle almal, dat julle deur noukeurige opvolging van die gebooie daarna moet strewe om reeds hier op aarde netso volmaak te word as die Vader in die hemel, dan sal julle ook kan doen wat Ekself nou doen en nog groter dinge. En wanneer julle jul in hierdie toestand bevind, is julle reeds tydens die lewe burgers van die nuwe Jerusalem. Dit is dus die betekenis van die derde verskynsel. Het julle dit goed gehoor en begryp?"